# Die laaste paasete
# Nagmaal

## Voorbereide leeswerk vir die aanbieder

Matteus 26: 17 - 30
Markus 14: 12 - 25
Lukas 22: 7 - 30
Johannes 13: 1 - 30

## Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Bybelse ete (neute, olywe, jogurt, ongesuurde brode, lamsosaties ens.)
Klein glasies/'n beker
Broodjies en druiwesap

## Lesinhoud

Saam-eet en maaltye was vir Jesus baie belangrik. Die etenstafel was vir Hom een van die belangrikste plekke vir sy aardse bediening. Dink maar aan die ete by Saggeus se huis, die ete by Simon die Fariseër se huis, die vermeerdering van die vissies en die brode, die fees van die verlore seun wat terugkeer en nog baie meer. Die laaste paasete was nie 'n uitsondering nie. Hier sou Jesus die nagmaal, wat ons vandag nog vier, instel en die betekenis daarvan aan sy dissipels verduidelik.

Op die Donderdag voor die Paasfees het die Jode hul paaslammers by die tempel in Jerusalem gaan slag. Inwoners van Jerusalem moes volgens wet vir besoekers van buite plek maak in hul huise. Toe die dissipels vir Jesus vra waar hulle die paasmaaltyd gaan eet, het hy 'n werkie vir Petrus en Johannes gehad. Hulle twee moes in Jerusalem ingaan en soek vir 'n man wat 'n waterkruik (emmer met water) dra. In die Bybelse tyd was "water-dra" 'n vrou se werk, en die dissipels sou dus 'n man wat water dra sommer dadelik sien. Hulle moes die man na sy huis volg. Party mense glo Jesus was so bietjie geheimsinnig omdat Hy dalk nie wou hê dat Judas moes weet waar hulle gaan eet nie. Sê nou net Judas het Hom laat vang voor die Paasete wat Jesus so graag vir oulaas saam met Sy dissipels wou eet! Dan het ons dalk nooit die betekenis van die nagmaal verstaan nie, of dit glad nie gevier in ons kerklike tradisie nie.

Petrus en Johannes moes vir hierdie man vra waar die kamer is waar Jesus en Sy dissipels die laaste Paasmaaltyd sou eet. Die man sou hulle dan na 'n groot kamer vat op die boonste verdieping van sy huis, en daar sou alles regstaan. Petrus en Johannes het alles gekry net soos die Here dit aan hulle gesê het!

Teen sononder het die Paasmaaltyd begin, en hierdie laaste ete saam met die dissipels sou tot na middernag aanhou. Jesus en Sy dissipels het waarskynlik op hul linkerelmboë om 'n U-vormige tafel

gelê en eet. Die kanse is goed dat Jesus aan die kop van die U gesit het, met die dissipels weerskante van hom.

By ‘n tipiese Paasmaaltyd sou die voorgereg gedroogde vrugte soos dadels, vye en rosyne wees, wat met speserye en wyn gemeng was. Die tafelgebed is na die voorgereg gedoen. Na die dankgebed het Jesus die wyn gevat en aan almal uitgedeel.

Brood is nie gesny nie, maar gebreek. Die hoof van die huis (die belangrikste manspersoon) sou dan eerste van die brood eet. Maar Jesus het dit nie gedoen nie. Hy het die brood gevat en dit uitgedeel Hy het vir die dissipels gesê om elke keer aan Hom te dink as hulle brood breek (dit is soos Sy liggaam wat gebreek is vir ons). Jesus sê verder dat hulle die wyn as ‘n teken moes sien van Sy bloed wat binnekort sou vloei en alle sondes sou wegwas.

Jesus het ook baie slegte nuus vir die dissipels gehad. Iemand wat saam met hulle om die tafel gesit het, sou Jesus verraai. Die dissipels was natuurlik baie onsteld en verslae en almal het gevra: “Is dit dalk ek Here?” Selfs die skynheilige Judas het gesê: “Is dit dalk ek, Rabbi?” En Jesus het toe vir Judas geantwoord: “Dit is soos jy sê, die een wie se hand saam met Myne aan die brood raak, sal My verraai.” Dit was Judas se hand!

Bybelkenners glo dat toe Judas agtergekom het hy is uitgevang, het hy opgestaan en uitgeloop om vir die priesters te gaan sê waar Jesus was. Nie al die dissipels was egter seker waarheen Judas oppad was toe hy hulle verlaat het nie. Jesus het egter geweet sy eindtyd was naby.

Terwyl die dissipels vroeër die aand aan die tafel gesit het, het hulle begin stry oor wie die belangrikste onder hulle was. Jesus het met hulle geraas. “Julle moenie so praat nie! Die van julle wat die meeste respek verdien, moet die minste wees. Behandel alle mense met groot respek.”

Om vir hulle prakties te wys wat Hy bedoel, het Jesus Sy bo-kleed uitgetrek en Sy onder-kleed met ‘n lang handdoek vasgebind. Slawe het dikwels so ‘n handdoek gedra wanneer hulle hul base se voete gewas het. Voete-was was so ‘n lae werk dat selfs slawe partykeer geweier het om dit te doen! Toe begin Jesus Sy dissipels se voete was. Toe Hy by Petrus kom, wou Petrus nie dat Jesus aan sy voete raak nie. Toe Petrus egter besef dat Jesus se was van hul voete ‘n teken (simbolies) is van hoe hul sondes afgewas sou word, wou hy sommer sy hande, gesig en kop – sommer sy hele lyf - laat was! “Nee Petrus, vir nou is jou voete genoeg,” het Jesus gesê. Jesus het die dissipels se voete gewas as voorbeeld van hoe hulle in die toekoms teenoor ander mense moes optree. Selfs die verraaier, Judas, se voete is gewas.

Vandag vier ons die nagmaal om ons te herinner aan Jesus se liggaam wat ter wille van ons sondes gekruisig is (die broodjies). Die wyn herinner ons aan Jesus se bloed wat letterlike gevloei het toe die soldate hom gemartel het. Vir ons is die brood en die wyn simbole wat ons herinner aan die groot opoffering wat Jesus ter wille van sy volgelinge gemaak het. Baie grootmense maak hulle oë sommer toe wanneer hulle die nagmaal gebruik. Dit is omdat hulle so nader aan God voel en amper hartseer word om te dink dat iemand ons so lief gehad het ten spyte van ons sondes. Party mense bid dan ook saggies om dankie te sê vir Jesus se opoffering.

## Vragies vir slim oortjies

- Wat was die Joodse Paasfees of Pasga? (Die Jode het dit gevier om hulle te herinner aan die uittog uit Egipte. Hulle moes almal 'n lam slag en die bloed aan hulle deurkosyne smeer op die nag wat al die Egiptenare se eersgeborenes dood is).
- Wie het Jesus gestuur om 'n kamer reg te kry? (Petrus en Johannes)
- Hoekom het Jesus Sy dissipels se voete gewas? (Om ons te wys dat ons ander mense moet dien).
- Hoekom het Judas opgestaan en uitgegaan? (Hy moes aan die priesters gaan vertel waar Jesus was sodat hulle hom kon kom vang).
- Wat beteken Paasfees vandag vir ons? (Vandag vier ons die nagmaal in die plek van die Joodse Paasfees. Die brood herinner ons aan Jesus se liggaam en die wyn aan Jesus se bloed).

## Besprekingspunte

- Dink jy dit is 'n lekker ding om te doen om iemand anders se stink, vuil voete te was?
- Hoe kan ons nederig wees teenoor ons vriende? (hulle "voete was"). Die kinders kan enige voorbeeld noem soos: praat mooi met mekaar, gee iemand anders eerste 'n beurt, wees die minste, help met werkies ens.
- Wie van julle was al by 'n nagmaal?
- Waaraan laat die nagmaal ons dink? (Dit is 'n teken van Jesus se bloed en van sy liggaam. Dit herinner ons dat Hy vir ons sondes gesterf het).

## Lewensles

Jesus gee die nagmaal as teken vir ons, om ons te help onthou wat Hy alles vir ons gedoen het. Jesus was ons voete om ons te wys dat ons ander mense moet dien.

## Ons gebed vir vandag

Here Jesus, ons kan so belangrik wees in ons eie oë. Here, skud ons wakker!  Ons is niks en U is alles. Ons smeek U om ons nederig te hou en vol respek vir almal om ons! Laat ons werklik nader aan U voel wanneer ons die nagmaal gebruik en help ons om altyd te besef wat U vir ons opgeoffer het. Amen

## Idees vir VET pret

Hou 'n Bybelse proe-ete, met klein hoeveelhede neute, olywe, ongesuurde brode, jogurt en dalk lamsosaties. Dit was kos soos hierdie wat Jesus en sy dissipels by die laaste Paasete geëet het.

## Kreatiewe aktiwiteit

Hou nagmaal saam met die kinders. Gebruik brood wat jy voor hulle kan breek en 'n groot glas met rooi druiwesap, wat dalk in die kring omgestuur kan word, of klein glasies vir elkeen, as jy genoeg het.

## Vers vir die week

Lukas 22: 17 - 19
"Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan. Ek sê vir julle ek sal van nou af nie meer wyn drink voordat die koningryk van God gekom het nie." Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is My liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis."

## Net vir die lekker

Vandag se VET pret neem nogal tyd, so gebruik dit as 'n afsluitingsaktiwiteit.